Ou Tydskrifte vir BRIGHT LIGHTS

Daar is n groot behoefte vir ou tydskrifte by Bright Lights vir gebruik by die "Drop-off" sentrum waar ongeveer 30 plaaslike kindertjies van die informele nedersetting daagliks 2 maaltye en basiese onderrig kry. As daar gemeentelede is wat hiermee kan help sal dit waardeer word as dit by die kerkkantoor afgegee kan word. Enige ander skryfbehoeftes, veral uitknipskêre, sal ook waardeer word.
Kontakpersoon: Annemarie Hollenbach 082 784 8841 vir meer inligting.

BORG van die maand

Feather Dusters Helderberg
Johan Bruwer
084 871 0138

Feather Dusters Helderberg
fdusters@telkomsa.net
084 871 0138

GEBEDSONDERWERPE

- Almal wat swaarkry agv werksverliese en finansiële druk. Bid vir die toerismebedryf wat sukkel om te oorleef weens die inperkings.
- Ons polisielede wat aan baie spanning en gevaar blootgestel word. Bid vir hulle geestesgesondheid en ook vir hulle gesinne se welsyn.
- Helderberg Hospitaal – bid vir die bestuur en die personeel, dat hulle met toewyding sal werk om die beste sorg moontlik te lewer. Bid vir effektiewe beheer en bestuur van bronne. Bid vir die dokters en verpleegpersoneel wat weens die pandemie steeds onder groot druk werk.
- Die premier en die regering van die Wes-Kaap. Bid vir wysheid om die uitdagings as gevolg van migrasie uit ander dele van die land na die Wes-Kaap te hanteer.

Kontakpersoon: Hannetjie Gericke: 082 778 1510 / hannetjiegericke@gmail.com

DEURKOLLEKTES

07 Feb: CAD
14 Feb: Caritas
21 Feb: Projek 2020/21
28 Feb: Gemeentebediening

MANIERE VIR DANKOFFERS:

1. Elektronies/internet bankdienste:

Rek naam: NGK Somerset-Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte

2. Snapscan:

SnapScan
Snap here to pay
Works with

3. Kontantinbetalings & koeverte:

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofoffer koeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeg gemaak.

4. Debietordervorms: Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787.

DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

21 Februarie 2021

OGGENDDIENS 09:00
2de Lydensweek

Baie welkom in die virtuele geledere van die Omgeegemeente. Die tweede week van Lydenstyd begin met 'n leesroosterteks uit Genesis 9:8-17. In dié ou bekende verhaal, hoor ons dat God se ewige trou vasstaan en dat Hy die mens in 'n intieme verhouding betrek ten spyte van onbetroubaarheid/rebelsheid. Mag die Here ons gesamentlike oordenking van sy Woord gebruik tot vorming van elkeen van ons.
Daar is tans steeds geen aanddiensgeleenthede nie en sal ons julle op hoogte hou van veranderinge hieromtrent.
Ons vooraf-opgeneemde erediens sal Sondagoggend net voor 09:00, beskikbaar wees op YouTube en die skakels sal soos voorheen op die webblad en die WhatsApp-groep beskikbaar gestel word. Besoek dus asseblief ons gemeente se webwerf by https://ngkerksomersetwes.co.za/ vir verdere inligting hieroor. Alternatief om by die erediens uit te kom: Gaan na Youtube en tik dan in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" om by die preke uit te kom. Die jongste erediens sal bo-aan beskikbaar wees.

"Dream Big - Think Small"

Het jou werksomstandighede die afgelope tyd verander en is die toekoms onseker? Word deel van ons "think tank" vir Entrepreneurs, Matrikulante en Werksoekers waar ons ander se stories hoor en so mekaar help toerus vir nuwe uitdagings. Dit is in die vorm van informele gespreksaande asook kundige sprekers. Nooi gerus iemand saam wie se werksituasie ook geraak is deur Covid. Daar is geen koste, maar jy moet jou entoesiasme inpak sodat ons saam kan dink en met nuwe idees vorendag kom.
Datum: Dinsdag, 23 Februarie (18:00-19:00)
Plek: Helderberg Gemeente, Firmountweg 82, Somerset-Wes,
Onthou om jou masker te dra asseblief.
Kontak gerus vir Ghian du Toit vir meer inligting:
073 033 9897 / ReadyForAdventureSA@gmail.com

VOORBIDDING

- **Sippe & Miemie Heeringa** met die afsterwe van Sippe se pa.
- **Tannie Chellé vd Merwe** met oom Gert se afsterwe.
- **Wikus & Juliana de Swardt**, met die afsterwe van beide Wikus se ouers.
- **Valdor Dudley,** longprobleme.
- **Elize de Jager**, bestraling.
- **Veronica Engelbrecht,** chemo.

Bybelstudie Woensdae

➢ **Oggende: 10:00**
2-weekliks volgens kalender, volgende byeenkoms 24/2/2021 in die kerksaal.
➢ **Aande: 18:30**
Weekliks - volgende byeenkoms 24/2/2021 in die kerksaal.
Ds Johan – 082 442 9622

Gebedsgroep Woensdae

Daar sal nie eerskomende Woensdag, 24/2/2021 Gebedsgroep wees nie
Hannetjie Gericke 082 778 1510.

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!